

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die geboortegesiedenis van Isak

Reeks preke oor die openbaring van die HERE se verbond en uitverkiesing in die geboortegesiedenis van Isak

Dr AH Bogaards

2013

Preek 10

Lees: Gen.33:18-35:15

Teks: Gen.35:1-5; Hosea 12:4-6 (Isak: nr.10)

Datum: 6 Augustus 2001

Psalms: 105:1;2,3; Skrifb 27; 105:5,6; 105:7,8,9; 105:22,23

1. Inleiding

Alleen 'n lewe by die Woord maak ons gelukkig. Alleen 'n lewe by die Woord bring God se seën.

1. Ongehoorsaamheid aan die Woord bring ons in die moeilikheid
2. Die Genadewoord van God bring ons tot gehoorsaamheid
3. God se antwoord op ons antwoord op sy Woord (ons bekering)

2.1. Ongehoorsaamheid aan die Woord bring ons in die moeilikheid

Toe Jakob destyds moes vlug vir sy broer Esau, het die HERE in 'n droom by Bet-el aan hom verskyn. Daar het Jakob aan die HERE belowe: *As God met my sal wees om my te bewaar op hierdie weg wat ek gaan, en aan my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek, en ek behoue na die huis van my vader sal terugkom, dan sal die HERE my God wees. En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, sal 'n huis van God wees* As

God hom sal bewaar en behoue sal terugbring, sal hy die HERE daar in Bet-el, huis van God, dien (Gen.28:20-22). Kort voor sy terugkeer na Kanaän (Gen.31:13) het die HERE self hom aan dié gelofte herinner: ***Ek is die God van Bet-el waar jy die gedenksteen gesalf het, waar jy aan My 'n gelofte gedoen het. Maak jou dan nou klaar, trek weg uit hierdie land en gaan terug na jou geboorteland.***

En Jakob ***hét*** God se bewaring ervaar soos Jakob van Hom gevra het. Maar het Jakob sy gelofte gestand doen?

Ag, ook in die lewe van Jakob sien ons die waarheid van ons belydenis: Selfs die allerheiligste het nog maar 'n klein begin van die nuwe gehoorsaamheid (HK, v/a 114):

- In plaas dat Jakob na Bet-el gaan, trek hy na Sigem. Daar vestig hy hom en daar bou hy 'n altaar vir die HERE. Op die oog af lyk dit goed wat Jakob doen: Hy bou immers 'n altaar vir God in Sigem. Al is dit nou nie presies wat God van hom vra nie, hy wil darem die HERE dien. Ons noem dit eiewillige godsdiens.
- Ons sien verder dat Jakob nie kragtig opgetree het teen afgodery binne sy gesin nie. Immers in Genesis 35 vers 2 en 4 hoor ons van vreemde gode onder sy gesinslede.

Maar alleen as ons by die Woord bly, kan dit met ons goed gaan. Wanneer Jakob sy eie kop volg, sien ons dat alles in sy lewe en in die van sy gesin verkeer loop. Deur sy eiewillige optrede kom sy gesin onder die invloed van die goddelose stad Sigem. Daar dreig 'n vermenging tussen die kerk en die heidene: die seun van die koning van Sigem neem Dina, die dogter van Jakob, met geweld. Hy verkrag haar en wil met haar trou.

Die daarop volgende optrede van die broers van Dina is nog meer bedenklik: Hulle stel as huweliksvoorwaarde aan Hemor en sy seun Sigem dat die hele stad besny moet word. Wanneer die koning en sy seun op die listige voorstel ingaan en die hele stad in pyn was as gevolg van die operasie, neem Simeon en Levi, die volbroers van Dina, hulle kans waar: Hulle slaan al wat manlik is in die stad met die swaard dood.

Die optrede van die broers kan nie sterk genoeg afgekeur word nie. Dit was 'n onheilige ywer vir die HERE. Hulle het 'n onheilige spel met die teken van die verbond, die besnydenis, gespeel. Hulle hele optrede was pure lis en bedrog. Maar nou is dit heeltemal 'n regverdige vraag: Kon Jakob sy kinders verwyte daarvoor? Was hy nie ook self 'n bedrieër

van formaat, 'n man van lis nie? Ja, die voorbeeld van ouers laat kinders nie onaangeraak nie. Dit moet ons weet.

Jakob se eiewillige weg na Sigem in plaas van Bet-el was duidelik geen geseënde weg nie. En nou sien ons dat Jakob se ongehoorsaamheid om nie na Bet-el te gaan nie, hom in groot moeilikheid bring: Die optrede van sy seuns bring hom in lewensgevaar. Dit het hom in onguns gebring by die ander inwoners van Kanaän: ***Julle het my gehaat gemaak het by die inwoners van die land, die Kanaäniete en Feresiete, terwyl ek 'n klein klompie is. As hulle hul teen my versamel, sal hulle my verlaan, en ek sal verdelg word, ek en my huis.*** (Gen.34:30). Uit Genesis 35 vers 5 kan ons aflei dat die Kanaäniete hulle met vyandige oogmerke agterna wou jaag.

As gevolg van Jakob se sonde kom die voortbestaan van die kerk ernstig in die wegskaal. Jakob vrees nie ten onregte nie die wraak van die Kanaäniete.

Laat die HERE hom nou in sy ellende?

2.2. Die Genadewoord van die HERE bring ons tot gehoorsaamheid

Dit sou sekerlik sy verdiende loon gewees het as die HERE Jakob gelos het in die moeilikheid waarin hy homself gedompel het. Tog laat God hom nie los nie. Met sy Woord gryp Hy genadiglik, bevrydend en vernuwend in in die lewe van Jakob, want ons hoor die HERE spreek: ***Maak jou klaar, trek op na Bet-el en woon daar; en bou daar 'n altaar vir die God wat aan jou verskyn het toe jy op die vlug was vir jou broer Esau*** (Gen.35:1).

In hierdie Genadewoord word Jakob weereens deur die HERE herinner aan sy eenmaal afgelegde belofte, toe hy ook in nood was: Trek op na Bet-el en woon daar; en bou daar 'n altaar.

Die HERE het soveel moeite met ons. Ons is sulke slegte leerlinge. Tog hou die HERE nie op ons te herinner aan sy Woord nie. Hy herhaal sy eise en telkens en telkens weer herinner Hy ons aan sy genadegeskiedenis en sy beloftes.

En dan sien ons: ***Die Woord van God werk.***

1. Die Genadewoord van God doen iets in die lewe van Jakob: Hy gee sy gesin bevel en hy trek na Bet-el (v2 ev).

Hier is iets wat ons beslis nie moet miskyk nie: Jakob verander nie vanself nie, maar die Woord verander hom. Die Woord van God kom tot hom en en as God spreek, spreek Jakob: Laat ons optrek na Bet-el. Dit is net die Woord van God wat ons ook verander.

2. Maar Jakob trek nie net nie. Ook in iets anders sien ons die Woord aan die werk in Jakob se lewe. Jakob beveel naamlik sy gesin: ***Verwyder die vreemde gode wat onder julle is, en reinig julle en trek ander klere aan.*** Dit kan ons eweneens sien as vrug van die Woord wat tot Jakob gekom het. Die Woord werk bekering ook in daardie opsig.
3. As derde vrug op die Woord van God sien ons dat Jakob weer God se genade, die verlossingsgeskiedenis, in herinnering roep: ... ***laat ons optrek na Bet-el; en ek sal daar 'n altaar bou vir die God wat my geantwoord het op die dag van my benoudheid en by my was op die weg wat ek gegaan het*** (v.3b).

Die Woord herinner ons aan God se heilsgeskiedenis, aan die geskiedenis van die kruis en ditdring ons tot dankbaarheid, dit wil sê tot bekering.

God se **Woord** roep om 'n ant-woord van ons kant. God se Woord kan ons nooit onaangeroerd raak nie.

Maar ons moet ook nooit vergeet nie: Dit is die Woord self wat ons tot geboorte van die antwoord bring. God se Woord breek ons lippe oop in 'n geloofsantwoord. Deur die krag van God se Woord buig ons onder sy Woord en dan vind die Woord van God neerslag in ons hele lewe.

Ons moet antwoord op God se Woord. Maar as ons dit dan doen sien ons ook

2.3. God se antwoord op ons antwoord op sy Woord

Daar gebeur iets wonderliks wanneer Jakob hom deur die Woord buig onder die Woord van God:

- Eers is hy, as gevolg van sy eie ongehoorsaamheid en sy seuns se daaruit voortvloeiende moordtog in lewensgevaar gebring: Die Kanaäniete haat hom.
- Wanneer Jakob hom egter bekeer en wel na Bet-el trek, lees ons as vrug daarvan in vers 5: ***Toe ... kom daar 'n skrik van God op die stede rondom hulle, sodat hulle***

die seuns van Jakob nie agternagejaag het nie. Dit is 'n skrik van God. God doen dit.

Maar ook op 'n ander manier antwoord God op Jakob se bekering. Nadat Jakob sy belofte gestand gedoen het, verskyn die HERE aan hom en herbevestig **sy seën** aan hom dat hy 'n groot volk sal word en dat sy nageslag die land Kanaän sal ontvang (Gen.35:9-12).

Die profeet Hosea kom in hoofstuk 12 vers 5 op die Pniël-worsteling en hierdie Bet-el-geskiedenis terug. Hy skryf naamlik: ***Ja, hy (Jakob) het met die Engel geworstel en die oorhand gekry, hy het geween en Hom gesmeek. By Bet-el het hy (Jakob) Hom (God) gevind, en daar het Hy (God) met ons gespreek.***

Hier word dit tog belangrik dat ons dieper sal ingaan op die profesie van Hosea. Waarom haal die profeet hierdie geskiedenis aan? Omdat hy die ongehoorsame, verbondbrekende volk van sy tyd wil leer: Alleen langs die weg van bekering, van vertroue op Hom alleen en nie vertroue op iets of iemand anders nie – alleen so vind ons God – soos Jakob. Dan spreek God tot ons, dit wil sê: Dan herbevestig Hy sy heilsbeloftes aan ons.

Die weg tot God se seën is die pad van bekering. Dit geld ook vir ons. Die HERE beloof ons sy seën. Hy beloof dat Hy ons Vader wil wees, dat Hy ons wil verlos deur sy Seun en dat Hy sy Heilige Gees aan ons wil skenk. Maar hierdie beloftes gaan nie outomaties in vervulling net omdat ons gedoop is en net omdat ons aan die kerk behoort nie. Die lewensbelangrike vraag is dus: Hoe vind ook ons die HERE? Of om dit anders te stel: Waar spreek God met ons? Daar by Bet-el. Daar waar ons terugkeer na sy Woord en daar waar ons doen wat Hy van ons vra.

Daar is baie verkeerd in die kerk van vandag. Mense doen net wat hulle wil. Kerkmense koop Lottokaartjies en laat hulle deur Sondagsport uit die kerk hou dwars teen die bevel van God in, om maar enkele dinge te noem. Materialisme, 'n hoë dunk van ons eie werke en vermoëns, 'n lewe sonder Christus - dit is die afgode in ons midde. O nee, dit is nie dat ons die HERE nie wil dien nie. Beslis nie. Ons wil God dien maar dan soos ons self wil. Ons wil self besluit wanneer ons kerk toe kom en wanneer nie en dit ondanks die feit dat die Here self sê: ***Laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim nie.*** Ja, ons wil God dien, maar soos Jakob: by Sigem en nie by Bet-el nie.

Jakob het tot die besef gekom: Met die afgode in sy midde kan hy God nie ontmoet nie. Daarom gee hy voor sy terugtog na Bet-el aan sy gesin die opdrag: ***Verwyder die vreemde gode wat onder julle is, en reinig julle en trek ander klere aan...*** (v.2). Jakob was terdeë daarvan bewus: Daar by Bet-el kom hy **voor die aangesig van God**. En.... ***Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.***

Weet ons nog dat ons elke dag en op Sondag op 'n besondere wyse voor God se aangesig staan? Voor sy aangesig beteken: in sy teenwoordigheid. Elke oomblik van ons lewe is 'n lewe voor God se aangesig. En ook vir ons sê God: **Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.**

2.3. Slot

Ons kan onself nie verander nie. Net soos Jakob. God se Woord moet dit doen. Stel u daarom elke dag en elke Sondag onder die Woord van God en bekeer u. Dit is die enigste weg tot God se seën.

AMEN.